



Verwysing: 20160707-2193
5/8/4/1/2
Navrae: B le Keur

Omsendbrief: 0023/2016
Vervaldatum: 31 Maart 2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde:
IBB-koördinerings- en -advies, Adjunkdirekteure by distrikskantore en Prinsipale en
Voorsitters van beheerliggame van alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

Kort opsomming: *Laaste geleentheid vir nie-artikel 21-skole om bykomende
skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels vir gebruik in 2017 te bestel.*

**Onderwerp: Aanlynbestelling van skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels in die 2016/17-
boekjaar vir alle nie-artikel 21 skole**

1. Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met Omsendbrief 0016/2016, gedateer 13 April 2016.
2. Vanaf 01 tot 05 Augustus 2016, sal nie-artikel 21-skole 'n laaste aanlyngeleentheid kry om skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels wat hulle in 2017 wil gebruik, te bestel.
3. Riglyne sal op die SOBIS verskaf word om te verduidelik hoe die bykomende skryfbehoeftes en skoonmaakmiddelbehoeftes vasgelê en afgeteken moet word.
4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal, soos uiteengesit in Omsendbrief 0005/2015, namens nie-artikel 21-skole bestellings vir die verlangde skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels by gekontrakteerde verskaffers plaas.
5. Skole kan slegs 'n aanlynbestelling vir die gelyste items op die skryfbehoeftes- en skoonmaakmiddelkatalogusse plaas wat hierby aangeheg is.
6. Let asseblief daarop dat die skryfbehoeftekontrak nie die voorsiening en aflewering van kopieerpapier en drukkasette bied nie. Hierdie items, asook ander items wat nie in die skryfbehoeftes- en skoonmaakmiddelkatalogusse uiteengesit is nie, sal afsonderlik verkry word deur kwotasies wat deur middel van die Geïntegreerde Verkrygingsoplossing (GVO) uitgenooi word.

Om tydige aflewering te verseker, moet skole teen nie later nie as 05 Augustus 2016, die betrokke rekwisities (WKOD 026-vorm) by die LOOM-kantoor indien.

7. Daar sal van skole verwag word om hulle norme-en-standaarde (NS)-befondsing vir plaaslike aankope te gebruik om sodoende al hulle skryfbehoeftes- en skoonmaakmiddelbehoeftes te dek. Dit is dus baie belangrik dat skole noukeurig, met die beplanning en bestuur van hul NS-befondsing, te werk gaan om die beskikbaarheid van voldoende fondse vir hulle behoeftes te verseker. Ten einde skole in hierdie opsigte te help, sal die bestellingsbevestiging en die waarde daarvan, soos bestellings verwerk word, aangestuur word.
8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke amptenare.

GETEKEN: PA VINJEVOLD

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2016-07-08